# Hoofstuk van die dag: Numeri 34

> *Die Here het vir Moses gesê: […] “Dit is die grense van julle hele land.” (vers 1,12)*

Die beloofde land is op hierdie stadium natuurlik nog net ’n belofte; dis nog nie ingeneem nie. Dié taak het op Israel

gewag onder leiding van Josua, Moses se opvolger. Maar die land is nie net ’n vae droom iewers in God se hart nie. Dis ’n realiteit, ’n land met grense; ’n uitgestrekte land met genoeg blyplek vir al die stamme. Dit is ’n geskenk aan hulle van ’n ruimhartige God wat alles tot in die fynste besonderhede uitgewerk het.

God se beloftes aan sy kinders is nie wollerige, vae hersenskimme nie. Sy beloftes staan vas, en in Jesus Christus het ons die bewys dat God woord hou (vgl 2 Kor 1:19-20). Ons het ook baie meer as Israel. Ons het nie ’n stuk land wat omgrens is nie, ons het in Christus die koninkryk van God as besitting verkry. Ons is erfgename van die ewige lewe saam met Christus (Rom 8:17, Tit 3:7).

Ons wat deur Christus se verdienste en die werk van die Gees kinders van God geword het (Rom 8:14-16), kan nou al met hoop leef, want ons het ’n toekoms saam met Hom.

© Bybelkoerant 2018 – 2026